# Hoofstuk van die dag: Galasiërs 6

> *Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. (Gal 6:8)*

Paulus bou hier voort op die vrug van die Gees (5:22-23). Oor

en oor sê hy eintlik dieselfde ding: leef deur die Gees (5:16), word gelei deur die Gees (5:18), bly in pas met die Gees (5:25), en saai in die Gees (6:8, 2020-vertaling). As jy waarlik 'n Geestelike mens is, sal dit uitkom in jou diens aan ander in liefde (5:13), in jou sagmoedige reghelp van ander (6:1), en daarin dat jy ander se laste help dra (6:2). Jy sal jou geestelike leermeester(s) vergoed, en aan almal goed doen (6:10).
Of dit nou toegang tot God is, of 'n regte Christelike leefstyl, of 'n uitgaande, liefdevolle uitleef van die Christelike geloof – dit is die Gees wat dit in jou opwek, en dit is die Gees wat jou help om dit prakties te doen. Natuurlik moet jy saamwerk met die Gees, maar, sê Paulus, nóg 'n wettiese lewe, nóg 'n oormatige klem op jou vryheid in Christus (5:13) kan jou nader aan God bring; net die Gees kan dit vermag.

*Naskrif*: Môre begin ons DV met die boek Esegiël.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026